OB18'10
2 Augustus 2010

Geagte Ouers

Die volgende belangrike inligting aan u:

1. <u>Redenaarsaand (Engels)</u>

Neem kennis dat die Engelse Redenaarsaand nie oor twee aande sal plaasvind nie, maar wel een aand naamlik Woensdag 4 Augustus 2010 stiptelik om 18:00 in die skoolsaal. Die verrigtinge behoort ±21:00 afgehandel te wees.
Ons versoek ouers om asseblief tot aan die einde van die verrigtinge te bly sit om ook die ander deelnemers se optrede te respekteer en te waardeer soos u u eie kind sin respekteer en waardeer.

2. <u>Papierprojek en Koeldrankblikkieprojek</u>

<u>Papier:</u> Enige afvalpapier (koerante, tydskrifte, rekenaarpapier, karton, ens.) wat in u pad is sal as skenking aan die skool waardeer word. Vir massas papier wat afgehaal moet word kan u gerus vir Mnr. Gawie Vorster by die skool skakel.
<u>Blikkies:</u> Leë koeldrankblikkies wat nie in gebruik is nie kan skool toe gestuur word vir ons herwinningsprojek. Kontak persoon is Mnr. Rickus Muller by die skool.

3. <u>Toelating / inskrywings van leerders 2011</u>

3.1 Die registrasieproses vir toelatings/inskrywings 2011 het reeds 13 Julie 2010 begin en strek tot 23 September 2010. Geleentheid vir toelatings sal nog tot die eerste week na die September / Oktober 2010 skolevakansie gegee word.

3.2 Ouers of voornemende ouers moet daarop let dat daar twee verskillende registrasieprosesse is:

3.2.1 <u>Huidige leerders:</u> Gr.1 tot Gr.6 leerders wat huidiglik (2010) in Laerskool A.G. Visser is –

- Hierdie leerders ontvang vandag 'n omsendbrief met afskeurstrokie plus 'n kontrolevorm via die skool wat volledig voltooi moet word en waar ouers moet aandui of leerder(s) 2011 weer hier gaan skoolgaan. U moet toesien dat u die dokumente ontvang en hanteer.
- Indien genoemde dokumente nie ingehandig word nie word aanvaar dat leerders na 'n ander skool gaan – hy/sy word dan van die toelatingslys verwyder en op 'n waglys geplaas.

3.2.2 <u>Nuwe / voornemende leerders:</u> Gr.1 tot Gr.7 leerders wat die jaar 2011 by Laerskool A.G. Visser wil inskryf –

- Toelatingsvorms is by die Ontvangskantoor van die skool beskikbaar.
- Vorms moet korrek en volledig voltooi word en verkieslik voor of op Woensdag 23 September 2010 weer by die Ontvangskantoor ingehandig word.
- Afskrifte van stawende dokumente (ID's beide ouers ; immuniserings- en geboortesertifikaat van leerder(s); vorderingsverslag / rapport indien beskikbaar en nuutste water en ligte rekening) is van uiterste belang en moet aangeheg word.
- Klaskamerruimtes verleen slegs toelating aan 'n beperkte aantal leerders en spoedige optrede deur ouers is van kardinale belang om u leerder se plek in Laerskool A.G. Visser te verseker.
- Vir meer inligting kan die Prinsipaal geskakel word by (016) 341-2631.

3.3 **Toelatingsvereistes (Voornemende Gr.1's)**

Volgens die onderwyswet is die volgende van belang:

- **Sesjariges**: Leerders wat gedurende volgende jaar voor of op 30 Junie ses word en skoolgereed toets mag in Graad 1 ingeskryf word. (Dit is nie verpligtend nie)
- **Sewejariges:** Die jaar waarin die kind 7 jaar oud word, is hy/sy volgens wet skoolpligtig - selfs al sou dit op 31 Desember van die betrokke jaar wees, moet die leerling ingeskryf word. Ouers wat leerlinge terughou sal wetlik vervolg word tensy skriftelik aansoek gedoen is en 'n skoolgereedheidsverslag verkry is vanaf:

  a) 'n sielkundige of
  b) 'n ooreenstemmende professionele persoon of
  c) 'n gekwalifiseerde onderwyser wat by SARO geregistreer is en wat by 'n goedgekeurde onderwysinrigting betrokke is

3.4 **Gr. R leerders (voorskoolse groep: 5 jariges wat 6 word)**

Inskrywingsvorms vir 2011 kan nou reeds by Me. Mariëtte Carver by Gr.R klasse aan die agterkant van Laerskool A.G. Visser afgehaal word - **daagliks vanaf 08:00 – 12:00** Vir meer inligting kan Mariëtte geskakel word by 083 411 3622.

4. Opedae (Teken op kalender aan)

Neem kennis van ons opedae:

- Gr. R (2011) – Dinsdag 26 Oktober 2010 vanaf 07:30 vir 08:00 tot ±10:00 in skoolsaal.
- Gr.1 (2011) – Vrydag 29 Oktober 2010 vanaf 07:30 vir 08:00 tot ± 11:00 in die skoolsaal.

BAIE BELANGRIK:

** Versprei inligting ook onder punte 3 en 4 aan vriende, familie, kennisse en bure!!

** Indien u op hierdie stadium nog onseker is oor die skool vir u kind word aanbeveel dat u steeds 'n inskrywingsvorm voltooi en inhandig om ten minste 'n plek vir u kind te verseker – u het steeds die reg om 'n keuse uit te oefen. (Sien opedae)

5. Bobby van Jaarsveld

Hy tree Donderdag 16 September 2010 by die Suikerbosoord-saal (Dienssentrum) op. Kaartjies kan by die leerlingraad gekoop word. Ouers, ons moedig u, u gesin en vriende aan om hierdie geleentheid by te woon. Al die fondse word gebruik om die siekeboeg by die Dienssentrum op te gradeer.

Koste: Laerskoolleerders: R50
Hoërskoolleerders: R80
Volwassenes: R100

Vissiegroete.

_____

J.S. Roothman
Prinsipaal